Oggenddiens: 26 Julie 2020

Tema: Waarvoor staan jy op as Christen?

Teks: 1 Petrus 2:11-17

- **Verwelkoming**
- **Votum: Fil 4:4-6**
- **Voorlees van die Wet: Romeine 13:8-10**

Seëngroet

Ek groet U vanoggend in die Naam van die Vader, die Seun, Jesus Christus, en die Heilige Gees, Amen.

Lied 159

God is hier teenwoordig, laat ons biddend nader, hier waar ons voor Hom vergader.

God is hier teenwoordig, Heilig is die Here, buig in stilte Hom ter ere.

Wie Hom roem, wie Hom noem Heer en Hemel vader, kom nou almal nader.

Inleiding

Liewe lidmaat, as ek na jou moet kom, en vir jou moet vra ; Waarvoor staan jy ? Wat sal jou antwoord wees ? Sal jy my dadelik kan antwoord of gaan jy ‘n tydjie nodig hê om te dink oor jou antwoord?

Dit was vir my hierdie week, en selfs voor dit, opvallend gewees hoe baie mens begin opstaan vir iets. Bv. vir die boere in ons land, of vir vroue en kinders, of selfs die omstrede BLM beweging. Nou wanneer jy opstaan vir iets, dan beteken dit gewoonlik dat jy ‘n standpunt wil maak, jy wil iets uitlig wat verkeerd is of wat belangrik is. Jy wil hê daar moet iets gebeur, mense moet saam met jou staan, hulle moet saam met jou veg teen die ongeregtigheid of ter ondersteuning van jou saak. Om dan ook op te staan, beteken ook dat jy ‘n deel van jou hart wys, en vra dat ander daarop ag slaan.

Ons kan in die Bybel na verskeie karakters kyk wat opgestaan het vir iets. Ons ken almal vir Dawid, of ken vir Josef, ons ken vir Noag, ons ken vir Rut, ons ken vir Sadrag, Mesag en Abednego, dan ook elke dissipel en dan die groot een - Jesus. Elkeen het opgestaan vir iets wat vir hulle belangrik was. So nou kom ek na u en vra, waarvoor staan jy op as Christen?

Ons skriflesing is vanoggend 1 Petrus 2:11-17. Petrus skryf hier ‘n pastorale brief, ‘n brief gefokus op die mense, die christene. Hierdie brief is ook baie funksioneel van aard. Hierdie was ‘n gemeenskap in die Noordelike streke van Klein-Asië. ‘n Gemeenskap wat as ongeldig geag was. Die lyding waardeur hierdie gemeenskap gegaan het, het baie te doen gehad met hoe die samelewing hulle gesien het in daardie tyd. Hulle was gesien as vreemdelinge, bywoners, anders. Kom ons lees saam.

Skriflesing: 1 Petrus 2:11-17

Boodskap

Petrus wil die gemeenskap hier aanmoedig om ‘n nuwe lewenswyse te handhaaf. Hy wil hê hulle moet hul ‘andersheid’ omhels, en nederigheid bly die fondament van hul optrede. Hulle moet opstaan as Christene. Wat sê hy hier? Hy sê as ons as vreemdelinge en bywoners gesien word, kom ons omhels dit. Die bekende woorde kom vir my na vore: ‘ons is in die wêreld as Christene, maar ons is nie *van* hierdie wêreld nie’, - ons burgerskap is in die hemel.

Filippense 3:20 lees as soos volg:

‘Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as verlosser verwag’.

Ons voer elke dag ‘n stryd, ‘n stryd tussen die Gees en die vlees en ons moet bewus wees daarvan. Petrus vra dat ons onsself moet gedra as mense wat goed doen, die wat die wil van die Here doen.

Ek wil graag hê ons moet gefokus bly op wat Petrus hier sê oor ons gedrag, en nie fokus op sy opmerkings oor die keiser en die menslike owerheid nie. Want dit kan ons ‘n hele

ruk besig hou. Petrus praat hier oor ons gedrag, want soos ons weet is dit waarop ons eendag geoordeel gaan word. Ons gedrag tesame met dit waarvoor ons staan, dit moet ons gebruik om God te dien. Petrus beklemtoon hier ons gedrag, dat wanneer ons goed doen en weet waarvoor ons staan, ons dan outomaties ‘n einde sal maak aan die kwaad wat ander praat.

Die feit dat ons vry is, beteken ook dat ons vry in hierdie wêreld rond beweeg, maar dan ook vry is om te kies hoe ons optree. In vers 17 word daar gesê dat ons alle mense moet respekteer, maar hierdie respek is nie gebonde aan *hulle* optrede teenoor ons nie. God wil net hê elke mens moet met respek behandel word. Ons moet ook ons medegelowiges lief hê, lief hê sonder voorwaardes. En dan eindig die gedeelte met: vrees God.

Ek het aan die begin gesê waarvoor staan jy as gelowige? My persoonlike antwoord is: “Ek wat Landi is, staan vir God, vir Sy skepping, vir opregtheid. Ek staan om te dien, om om te gee, om ander se laste saam met hulle te dra en om nederig te bly.”

Nou is die vraag : waarvoor staan jy op ?

Gebed

Youtube lied: Staan op, staan op vir Jesus.

Seëngroet:

Die Here sal julle seën en julle beskerm, die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees, die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee.

Amen.